9 Chris Botha, Westdene, Bloemfontein, 9301
info@agriculturedotgolf.co.za
www.agriculturedotgolf.co.za
051 444 0880

NEDBANK

Agriculture Dot Golf is ‘n nie-winsgewende landboumaatskappy wat hom tans beywer vir landelike veiligheid in die Vrystaat. Agriculture Dot Golf bied vanjaar die vierde agtereenvolgende gholf-en boeredag aan wat hierdie jaar op Vrydag, 27 September 2024, sal plaasvind by Bloemfontein Gholfklub.

Ons tema hierdie jaar is “**Tegnologie vir sekuriteit**”, met hierdie tema ingedagte fokus ons om uitstallers te nooi om hulle produkte/artikels te kom uitstal asook om waar moontlik, demonstrasies te lewer. Die uitstalruimte per uitstaller is 3 x 3 meter en die koste vir so ‘n ruimte beloop **R2 500.00**.

Ons beplan om sprekers te kry wat die boere kan toespreek, hierdie sprekers sal kans kry om hulle produkte bekend te stel. Vir hierdie geleentheid gebruik ons die saal van die gholfklub en sal om **08:30** begin.

Saam met hierdie boeredag bied ons ook ‘n gholfdag by Bloemfontein Gholfklub aan, dus sal daar ongeveer 500 mense wees wat die dag sal bywoon. Hierdie dag word afgesluit met ‘n heerlike ete, prysuitdeling en vermaak.

Ons sien uit om u as landboumaatskappy by hierdie dag te ontvang as borg, uitstaller of sommer net om die dag by te woon.

Registrasie nommer: 2016/392538/08 | PBO nommer: 930072957